／# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 201
22 April 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Perspektiewe op die hofgeding**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Rampe en gevolge

Die laat en oorvloedige reën in Kwa-Zulu Natal is katastrofies in effek. Die verlies aan menslike lewens in so 'n situasie is tragies. Dit is behoorlik om meegevoel te betuig met almal wat geliefdes op hierdie onnatuurlike manier aan die dood afgestaan het.

Dit is skokkend om die epiese skade aan eiendom en infrastruktuur te sien. Die regering se besluit om 'n ramptoestand af te kondig is die redelike en menslike maatreël! Die aankondiging te midde van ellende skep hoop op hulp en herstel. Die skade gaan nie oornag herstel word nie, dit gaan tyd en toegewyde aandag neem, maar dit is moontlik om 'n beter situasie aan die einde daarvan te bewerkstellig.

Die eerste waarskuwing wat nou moet uitgaan, is dat die ANC kaders en ander misdadige elemente nie ook hierdie menslike ellende uitbuit om hulself persoonlik te verryk nie. Hierdie waarskuwing teen vergrype is nie ontydig of onbillik nie. Die land steier steeds onder die effekte van die regering se hantering van die Corona virus. Die miljoene rand wat met verskillende slenters gebuit is, kan nog nie eens saamgetel word nie. Eers na talle ondersoeke sal die omvang van die rampokkery duidelik blyk. Daar is reeds rede om onraad te vermoed, veral ook omdat 'n nasionale ramptoestand afgekondig word om 'n streeknood aan te spreek. Die omvang van die vloedskade maak dat daar nie een enkele sent in die sak van 'n selfsugtige mens mag beland nie. Die volle bedrag wat bewillig is - en meer nog - moet ten bate van slagoffers en die herstel van infrastruktuur aangewend word.

Daar waar dit oor ons lewenspad kom, moet ons as individue na vermoë help en ondersteun. Ons moet ook wag hou oor die owerhede om seker te maak die fondse word reg aangewend - dit beteken betrokkenheid by die gemeenskap en waagmoed om ongerymdhede aan te dui en aan te spreek. Een blikkie kos, een bottel water geskenk, kan al 'n verskil maak. Hoe ironies is dat daar te midde van vloede, nou 'n tekort aan vars water is.

'n Tweede waarskuwing wat aan elkeen van ons moet uitgaan is; moet nooit die natuur onderskat of die mens oorskat nie. So vinnig as wat 'n vloed skade kan aanrig, so vinnig as wat 'n swerm-wolk sprinkane 'n wins-oes kan verorber, net so stadig kan 'n wurgende droogte oor dekades hart, moed en beursie breek. Dit baat ook nie om die skuld ewe manmoedig op die mensdom te plaas nie. Skuld plaas gaan nie 'n enkele brug bou of huis herstel nie. Klimaatverandering is deel van die natuur se ewige ritme. Die *hubris* van mense wat nou wil uitroep; "*climate change denier*" kan liefs ignoreer word. Dit is nie sogenaamde mensgemaakte aard verwarming of mensgedrewe klimaat verandering wat in

die fokus moet wees nie. Die natuur is deel van God se skepping en ons moet dit met die nodige respek behandel; wat ook al die aard van die uitdaging wat ons ervaar.
Dit gaan lank neem om alles weer beter te kry. Ons moet in die tussentyd geduldig wees en weer 'n langer bewussyn kweek. Die nuus-siklus is deesdae baie kort en mense se aandag verskuif gou na die volgende saak.
In 1987 het ek 'n beroep na Empangeni aanvaar. Dit was vier jaar na die hewige tropiese storm (sommige noem dit sikloon) Demoina Natal geteister het. Die skade in 1984 was verskriklik. Die provinsie was skaars besig om te herstel, of die ergste vloede in mense heugenis het die provinsie in September 1987 getref. Daar was tragiese lewensverliese (meer as vyf honderd mense), paaie het verspoel, daar het brûe (veertien) verspoel en voertuie het in die see ingespoel om nooit weer gesien te word nie. Durban was per pad onbereikbaar. In 1988 was hulle steeds besig om skade te herstel. Dit het toe tussen vier en vyf ure geneem om die 160 km van Empangeni na Durban Noord te reis. Ek moes in Stanger en Mandini preek elke tweede Sondag. Die roete het as volg gelyk: Eers op die teerpad tot by die eerste ompad die suikerrietlande in. Tot by die spoorlyn. Dan met die spoorwegbrug (gebou op rots) oor die rivier, deur die suikerrietlande terug na die teerpad. Maal twee en soms maal drie. Soms was jy gelukkig en kon onmiddellik oor die brug gaan, soms moes jy lank wag vir verkeer van die ander kant af oor die enkelbaan wat langs die spoorlyn geskep is.
Mettertyd het die rit makliker geword soos die herstelwerk gevorder het. Die eindproduk was wonderlik om te sien. Nou kan jy gemaklik in onder twee uur Durban bereik. Tyd en geduld kan die hoop van elke slagoffer van die vloede versterk. Kyk verby die ramp en soek hoopvol oplossings.

Dr Johan Otto - Premiermyn

## PERSPEKTIEWE OP DIE HOFGEDING

### APPÈL VAN DIE HAND GEWYS.

Die Hoërhof het op Donderdag 14 April om 09:00 die NHKA se appèl aansoek aangehoor. Dit was 'n aangenaam vinnige vasmaak van die datum vir die aanhoor van hul aansoek om verlof tot appèl teen die vorige uitspraak.
Nadat albei partye argumenteer het, het die regter uitspraak gelewer. Die regter het gestel dat die dinamika van die saak drasties verander het met ons opneem van die argument rakende *'privity of contract'.* Regter N Janse van Nieuwenhuizen is daarvan oortuig dat geen ander hof tot 'n ander gevolgtrekking en gevolglike uitspraak sal kom nie. Sy het daarom die aansoek om verlof tot appèl **van die hand gewys, met koste vir twee advokate.** Die Kommissie en die Litigasie komitee - onder leiding van advokaat Joël Fourie - se voortgesette strydlus kos die NHKA lidmate miljoene- en miljoen rand wat beter by kinderhuise en ander tehuise spandeer kan word.
Ons is egter bly en dankbaar oor die uitspraak en versigtig optimisties oor die pad vorentoe. Wat is nou die pad vorentoe?
Die NHKA het nou 'n maand om te besluit of hulle by die Appèlhof in Bloemfontein aansoek gaan doen om verlof tot appèl. Indien hulle dit nie doen nie, is die saak afgehandel. Via die pers het ons nou kennis geneem dat hulle van vaste voorneme is om wel die saak na Bloemfontein te verwys.
Wat beteken hulle besluit om verlof tot appèl aan te teken? Die proses verloop as volg:

- Die NHKA moet binne dertig (30) dae na uitspraak die aansoek indien.
- Die aansoek mag nie meer as dertig (30) bladsye beloop nie. Geen aanhegsels of byvoegings word toegelaat nie.
- Ons word veertien (14) dae gegun om te repliseer.
- Ons kan in nie meer nie as dertig (30) bladsye motiveer waarom ons oortuig is dat hulle nie verlof tot appèl moet kry nie.
- Hulle het dan veertien (14) dae om op ons betoog te repliseer.
- Hierdie repliek mag nie meer as tien (10) bladsye in beslag neem nie.
- Hierdie maksimum sewentig (70) bladsye word dan by die Appèlhof in Bloemfontein ingehandig.
- Volgens hulle eie rotasie beginsels en werksverdeling word hierdie bundel dan aan twee regters van die Appèlhof gegee.
- Daar word nie voor hulle argumenteer nie. Hulle werk gewoon met daardie bundel.
- Hulle tyd om te besluit word nie bepaal nie. Die twee regters kom dan tot 'n beslissing.
- Hulle besluit gewoon 'ja' of 'nee'. Geen motivering word gegee nie.

Tot tyd en wyl die Appèlhof besluit het, kan ons net wag.

## **KERKEENHEID**.

Wat is die Kerk en waar vind ons die eenheid van die kerk? Na aanleiding van opmerkings deur drr Andre Ungerer en Wouter van Wyk, is dit belangrik om tog enkele opmerkings oor die saak te maak. Hulle beweer dat die eenheid van die kerk in die eiendomme en beheer van gemeentelike bates gesetel is. Kan gemeentes nie met hulle bates handel nie, sal die kerk se eenheid staande bly – so redeneer hulle.

Paulus sê dat die gelowiges die liggaam van Christus is. Gelowiges is die kerk. Gelowiges organiseer om verskillende redes organisatories in verskillende organisatoriese kerke (gemeentes/ Kerke). Die kerk kan nie kerk wees sonder gelowiges nie.

Woordverkondiging is sentraal tot die lewe van elke gelowige en vanselfsprekend tot die gemeentes/Kerke waar gelowiges saam organiseer. Sosiale aktivisme, kultuur werk of enige ander sosiale interaksie is van sekondêre belang vir die kerk. **Gelowiges/gemeentes/Kerke kan verskillende middele gebruik om die Woord te verkondig** waarvan eiendom een instrument kan wees. Die kerk se eenheid kan nie wees in strukture of besitting nie, dit is alles periferale sake.

Wat beteken dit indien ons stel dat die kerk EEN is? **Die eenheid lê in die gemeenskaplike geloof en lewe wat die gelowiges het in die Drie-enige God.**

Die ekumene beweging sou graag op hierdie woord ‘eenheid’ wou klem plaas en stel dat organisatoriese eenheid ŉ opdrag en ŉ saak van geloof is. Die vraag is net of daar in die belydenis sprake is van organisatoriese eenheid al dan nie. Die kinkel in die kabel is dat die wese van die woord “een” beredeneer moet word. Waar is die “een” ter sprake. Gaan dit oor ŉ oorhoofse ekumeniese administrasie onder een naam? Lei die belydenis ons tot daardie eenheid as ideaal nastreef, selfs al is dit geografies, kultureel en andersins menslik haas onmoontlik? Is die eenheid gesetel in die beheer oor plaaslike gemeentes se eiendom? Is die leidraad wat ons vind in die woorde “gegrond op die leer van die Apostels” nie juis aanduiding dat die eenheid in teologiese terme gevind moet word nie?

Dit is een kerk omdat daar een Here is, een Christus is. Die eenheid is op teologiese vlak. Dit is nie taal, geslag, ras, eiendom, ouderdom of enige van die toevallighede van die skepping wat die kerk een maak nie. Die kerk as liggaam van Christus kan nie anders as om een te wees nie. In Christus is die kerk een. Menslik gesproke is daar verskillende denominasies, verskillende tale, verskillende volkskerke. Buite Christus **(die geloof in Christus en die lewe daaruit)** om kan daar geen eenheid wees nie. Hy is die Middelaar en die Middelpunt. Die kerk moet die boodskap van die Evangelie (**Christus)** getrou **en suiwer** verkondig. Om af te wyk van die suiwere boodskap (wat ons in die Bybel vind), is om die kerk menslike inisiatief te maak.

Die kerk as instituut kan egter selfs geloof ondergrawe. Daarvan is daar genoeg voorbeelde, waarvan die behoefte tot Reformasie die duidelikste voorbeeld is. Dit is God en Sy Openbaring wat die kerk bepaal, nie menslike strukture of magsvergrype nie. Dit is nie mense wat gaan bepaal of ʼn spesifieke Kerk deel van die kerk is nie. Die teologiese inhoud van die prediking en die leerstellinge wat die gelowiges verkondig, bepaal of ʼn kerk werklik deel van die liggaam van Christus is. Die tug is die instrument wat suiwer Evangeliebediening ondersteun. Dit is op geen vlak so dat eiendomme of beheer oor eiendomme iets met die eenheid van die kerk te make het nie.

As die kerk een is (**een in geloof en lewe)**, is jy óf binne (saam met) óf buite die kerk, **jy kan nie die kerk skeur nie**. Daar is egter tog 'n manier waarop 'n mens van skeuring in die kerk kan praat. Dit is wanneer mense **die Evangelie verdraai** maar dan skeur jy nie die kerk nie, **jy skeur jouself weg van Christus.**

## HOLRUG DONKIE

In verskeie persverklarings gemaak namens die Kommissie van die AKV en in die nuutste uitgawe van die Hervormer is daar verskeie ampsdraers wat hulle persoonlike perspektief gee op die inhoud en implikasies van die aanvaarding van beskrywingspunt 54 tydens die 69e AKV. Die deurlopende tema is skynbaar dat enige persoon wat teen die besluit is, rassisties is en selfs in sy rassisme homself skuldig maak aan kerkskeuring. Wat presies het daar gebeur?

* Dr Ungerer stel dat die sogenaamde kerkskeuring begin voltrek het "*na die besluit oor apartheid waar die NHKA sy teologiese regverdiging van apartheid bely het*." Oor die beweerde fragmentasie, gees van eiewilligheid en indepentisme sal daar elders in Koersvas uitgebrei word. Uit sy woordkeuses is dit duidelik dat hy daardie besluit in 2010 verstaan as dat die kerk bely het dat daar in die verlede sondige teologiese regverdiging van apartheid was deur die NHKA.

* Advokaat Joël Fourie; voorsitter van die Litigasie komitee en ouderling in Gemeente Midstream, stel die volgende: "*Die NHKA het gesê dat apartheid nie Bybels-teologies geregverdig kan word nie."* En "*Nadat die besluit oor die Bybels-teologiese regverdiging van apartheid geneem is, was daar gemeentes wat wou wegbreek."* Behalwe vir die blatante historiese foute wat hy begaan* is dit duidelik dat hy die besluit wat geneem is, anders verstaan as dr. Ungerer. Sy interpretasie is dat die NHKA bloot besluit het dat apartheid nie Bybels-teologies regverdig kan word nie. By hom is daar

skynbaar geen sprake van bely nie. *('n Beduidende aantal gemeentes het beswaar aangeteken, ander het doleer en het selfs hulself as nie onder die leiding van die kommissie verklaar voor daar sprake was van 'wegbreek'.)

* Dr Wouter van Wyk verwys in sy uitsprake en persverklarings ook baie neutraal na die besluit en nie na die implikasies en redes vir die besluit wat geneem is nie. Die rede is duidelik. Die volle impak en inhoud van daardie besluit mag nie aan gewone lidmate verduidelik word nie. Dit is ook nie die doel van hierdie artikel om die saak duidelik uit te pluis nie. Daarvoor is talle skrywes op verskeie platvorms beskikbaar.

Die een saak wat duidelik na vore kom in al die verwysings, is die gebruik van die (nou al voos-vermelde) saak van apartheid om die steedsHervormers en die GHG in 'n sekere lig te plaas. Die probleem was nog altyd dieselfde. Enige teologiese raamwerk skep die ruimte vir sekere stellings en standpunt-innames. Die bevrydingsteologie sal kwalik positiewe opmerkings maak oor die opbouende bydrae van kapitalisme. Teologie gee die onderbou vir uitsprake wat gemaak kan word - daar is teologiese denke, teologiese veronderstellings en teologiese stellings wat dien as agtergrond. Sonder daardie teologiese agtergrond maak daardie stellings nie sin nie.

So is dit met elke sekulêre saak. So is dit ook wanneer enige owerheid se beleid in oënskou geneem word. So was en is dit met die saak rondom rasse verhoudings. Die teologiese onderbou van die WCRC (die manier waarop hulle die Bybel lees en verstaan) het dit vir hulle moontlik gemaak om 'n sekere beleid tot sonde te verklaar en selfs 'n *status confessionis* uit te roep. Hulle (die WCRC) het die saak van apartheid so sentraal tot die Evangelie verstaan dat hulle kon stel dat die Evangelie onder bedreiging is.

Daar is 'n teologiese raamwerk wat sake anders verstaan. Dit weier om teologiese uitsprake oor enige beleid te maak, gewoon omdat dit alles van verbygaande aard is. Dit maak nie van daardie mense rassiste nie. Hulle is nie noodwendig vasgevang en verknog aan 'n vorige bedeling nie.

Die apartheid albatros het nou gemaak dat die arme donkie holrug gery is**. Verwyder nou maar die rassis Asásel/albatros teken.** Dit is nou al vervelig en verouderd in die nuwe *'woke'* paradigma. Ons teologiese raamwerk is anders saamgestel - nader aan die denke van die NHKA soos selfs in 2007 verwoord.

Hou daarom op om die besluit tot rede te verklaar vir elke daad. Die besluit (54/69) wat geneem is, is gebou op 'n veranderende en veranderde teologiese onderbou - die teologie wat so 'n besluit moontlik gemaak het, is vreemd aan die Hervormde teologie van ons vadere. Ons sien die besluit as bewys van die duidelike klemverskuiwing in die dominante teologiese denke van die NHKA. Ons kan nie daarmee saamstem nie. Die besluit was simptoom van die 'liberale' siekte. Ons het 'n probleem met die siekte.

## NOG EENS BESLUIT 54

Die regte benaming is eintlik die **aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV as besluit van die kerk**. Die Kommissies van verskillende Algemene Kerkvergaderings het al amper standaard die inhoud van die besluit gebruik om die etiket van rassisme om die nekke van die lidmate van die GHG te

hang. Dit is dalk goed om net weer terug te beweeg en ons van die oorsprong van hierdie spesifieke inhoud te vergewis. Vanuit historiese perspektief kan etlike bydraende faktore aangedui word, maar ten minste twee lyne moet nagegaan word. In beide daardie lyne sal die teologiese onderrok van hierdie gewraakte besluit duidelik wys.

Die eerste lyn wat ons moet volg, is die aktiwiteite van die raad vir Ekumene oor 'n redelike lang tydperk. Net om die "eerbaarheid" van die raad vir Ekumene aan te dui: Die raad het in 2008 die Kommissie van die AKV gevra of die **formulering** van die Boshoff broers wat in die 2007 AKV notule opgeneem is wel as 'n besluit verstaan kan word. Die Kommissie (volgens Kerkorde die finale en gesagvolle arbiter in sodanige sake) het onomwonde geantwoord dat geen so 'n besluit geneem is nie en dat die woorde net **in ag geneem** kon word deur die komitee wat die saak verder moes ondersoek. Die woorde "<u>aangesien die 68e AKV besluit het</u>" is met ander woorde reeds in 2008 deur die Kommissie van die AKV as "<u>nie 'n besluit van die AKV</u>" aangedui. Tog is daardie woorde as middel tot 'n doel gehandhaaf in die AKV en die sogenaamde BAKV. Die raad vir Ekumene wou ten alle koste weer aansluit by organisasies soos die WCRC (World Council of Reformed Churches). Volgens die WCRC se eie geskiedenis word die volgende hoogtepunt aangedui:

1982 - *The Alliance's 21st General Council declared status confessionis on Apartheid – declaring apartheid sinful and its theological justification heresy. Two member churches were suspended*. Daardie twee kerke was die NGK en die NHKA.

Na vele onderhandelings het die WCRC onder sekere voorwaardes tog ingestem om die NHKA weer toe te laat. Onder leiding van Professor Johan Buitendach is daardie agenda grotendeels deurgedruk[1] (dink byvoorbeeld aan die Colloquium April 2006). Die laaste stukkie van die legkaart wat nog in plek moes val, was die besluit oor apartheid. Met hierdie agtergrond kan ons dan die tweede historiese lyn opneem.

In 2009 het vyf dosente die gewraakte persverklaring die lig laat sien, juis oor apartheid. Dit het groot beroering in die NHKA tot gevolg gehad. Eindelik is die dosente aangekla. Die dosente is van twee sake aangekla. Die eerste woorde van die klag lui: *Hiermee kla die ondergetekendes ...............aan van verskillende oortredings wat hieronder uiteengesit word. Die klag word met verbygaan van die eerste stappe van die opsig ingedien aangesien die ernstige aard van die oortredings sodanige stappe binne die opsig en tug van die kerk onnodig maak. Volgens die Kerkorde is daar sekere oortredings wat van so 'n aard is dat dit met verbygaan van die opsig direk tot 'n klag aanleiding kan gee (Ordereël 8.3.3.2(iii)) Sake wat ernstig genoeg geag word om Kerklike voorregte en ampspligte te laat opskort is aanstootlike sondes wat God se eer aantas, die welsyn van gemeentes aantas, en selfs die goeie orde aantas (Ordinansie 8.3.4(i)). Ordereël 2.1.3.6 stel in (ii) dat sekere optredes as wangedrag verstaan kan word en kan lei tot opheffing van ampsvoorregte weens die ergerlike aard van die oortreding. Dit is ons oortuiging dat .......... hom skuldig gemaak het aan wangedrag en daarom onder die tug aangekla behoort te word*.

Die eerste klag was met ander woorde **wangedrag**. Die tweede saak was die

[1] I am prepared to state today that at least the General Commission of the Nederduitsch Hervormde Church (NHKA), has gone through such a <u>kairos event</u> as well. We are irrevocably committed to the road ahead on which we must travel. We note the <u>fundamental changes</u> in the NHKA with joy and we encourage our congregants to **<u>repentance and conversion</u>**.

**teologiese dwaling** van die inhoud van die persverklaring. In geen deel van die klag is die saak van apartheid verdedig of opgehaal nie. Die dosente se optredes is as wangedrag en aanhang van dwaling gesien.

Die Kommissie het die klag onder hande geneem en die klaers terug verwys na die dosente. Hulle het aangedring op gesprek alvorens die klag verdere aandag sou geniet. Tydens die gesprek tussen die klaers en die dosente het dit duidelik geword dat daar geen konsensus sou wees nie. Die klaers se punt oor wangedrag is nooit opgeneem nie. Die klaers en dosente het ook oor die teologiese denke van die NHKA verskil.

Die dosente was oortuig dat die NHKA kerkvolk se denke in 2009 nader aan hulle en die WCRC se *status confessionis* standpunt is. Die klaers was oortuig dat die NHKA se teologiese denke nie soveel verskuif het nie. Die twee partye het tot 'n vergelyk gekom. Albei sou beskrywingspunte opstel vir die 69e AKV. Die twee standpunte sou dan teenoor mekaar gestel kon word en die AKV se besluit sou dan die teologiese stabiliteit, of teologiese wending aandui.

Met die aanvang van die vergadering is 'n beskrywingspunt deur drr Botma en Otto gestel wat basies die *Apostolicum* onderstreep. Die beskrywingspunt is nie aanvaar nie - **al is die woorde van die beskrywingspunt uit die belydenis self gehaal**! Eintlik was dit toe al duidelik dat daar 'n wending in teologiese denke in die NHKA was. Tydens die debat oor die twee uiteenlopende beskrywingspunte wat in die Agenda was, het dominee Etienne Fourie dit duidelik getel dat die WCRC daarop aandring dat die beskrywingspunt *verbatim* (woordeliks) so gestel moet word, geen amendement sou toelaatbaar wees nie. Die voorsitter se onordelike besluit om die dosente se beskrywingspunt eerste te stel, was vanselfsprekend katastrofies. Die besluit is geneem. Ampsdraers het hierna tou gestaan om hulle teenstem te laat notuleer. Daar is op hierdie ampsdraers geskreeu. Dit was alles baie emosioneel. Met daardie enkele besluit het die NHKA verskeie dwalinge saamgevat en as kanon gemaak. Sekere sake staan uit in die hele debakel:

- Die aanhef van die besluit was inderdaad 'n leuen, *ultra vires.* Die Kommissie se eie korrespondensie bevestig dit.
- Van meet af aan is die inhoud van 54/69 op teologiese basis gekritiseer.
- Die teologie wat so 'n besluit moontlik maak, is eie aan die WCRC (soos in die *status confessionis* verwoord) en was nie deel van die NHKA se denke of geskiedenis nie.
- Die 68e AKV het 'n gebalanseerde besluit aangaande die verlede geneem. Dit was die dosente en die raad vir Ekumene wat die afgehandelde saak weer op die spits gedryf het.
- Al stel die besluit duidelik dat dit 'n teologiese besluit is, was daar op geen stadium teologiese gesprek oor die saak gewees nie.
- Indien die besluit 'n teologiese besluit is, dan is die teenkanting teen die besluit tog ook teologies van aard.
- Indien die besluit teologies is, en die NHKA in 1982 reglynig teen daardie teologie gestaan het, is dit tog logies dat die NHKA teologies van koers verander het.

Wat het die NHKA gedoen aan die skuld wat hy in 2010 bely het?

**LITIGASIE VOORSITTER BENADERING**

In *Die Hervormer Jaargang 115, Nommer 1, Donderdag, 7 April, 2022*, skryf ouderling Joël Fourie onder andere die volgende: "*Die wegbreekgemeentes (wbg's)* (sic) *het verklaar dat lidmate van die NHKA ketters is. Die lidmate van die NHKA is dus besig met 'n dwaalleer. Hulle het van die Bybel en die geloofsleer afgedwaal.*
*Hoe dwaal die lidmate van die NHKA volgens die wbg's? Die NHKA het gesê dat apartheid nie Bybels-teologies geregverdig kan word nie. Die wbg's sê dat 'n Christen nie kan sê die Gees van die Drie-enige God werk in die mens nie, soos ons sê en sing; of dat die Heidelbergse Kategismus, wat ons as riglyn volg, kan verklaar dat 'n klein gedeelte van God in die mens agtergebly het na die sondeval anders sou die mens nie kon onderskei tussen reg en verkeerd nie*."

Dit is lank nie meer ons gebruik om te reageer op die NHKA se publikasies nie. Die stroomversnelling van die hofuitspraak en die weiering om verlof tot appèl het ons net weer so saamgegooi dat ons nie oogklappe kan aanhou nie. Dit is nie ons bedoeling om op die voortdurende verdagmaking en krenkende opmerkings te reageer nie. Daar gaan ook nie hier in besonderhede op al die feite-foute gefokus word nie. Tog kom daar in hierdie sinne 'n benadering en gesindheid na vore wat wel net aangedui moet word.

* Die neerhalende verwysing na wegbreekgemeentes (wbg's) is duidelik 'n poging tot stemming maak. Met hierdie benaming en die afkorting wat telkens daarna gebruik word, word alle GHG lidmate en gemeentes gedemoniseer en verdinglik.

* Die halwe waarheid is dat die NHKA stel dat apartheid nie Bybel-teologies regverdig kan word nie, die volle waarheid is dat die NHKA die teologiese aard van die uitspraak beklemtoon en daarmee alle vorige NHKA lidmate en ampsdraers tot ketters verklaar. 'n Halwe waarheid is tog volle leuen. Dit is met ander woorde die NHKA self wat enige persone wat teenstand tot daardie besluit bied tot ketter verklaar. Nie een maal in die hitte van daardie stryd het die steedsHervormers NHKA lidmate of ampsdraers tot ketters verklaar nie. Telkens is daarop gewys <u>dat daardie besluit die vorige geslagte tot ketters verklaar het</u>.

* Die Staat van Belydenis is van die begin af 'n <u>wekroep dat die Evangelie op die spel is,</u> nie 'n tot-ketter-verklaring nie. Die Staat van Belydenis wat deur individue onderteken is, wys wel op dwalinge wat teenwoordig is in die teologiese denke van die NHKA. Dit was individue se standpunt lank voor die GHG tot stand gekom het. Die sogenaamde wbg's het deels danksy wegjaag pogings ontstaan.

* Die ouderling se verwysing na die argumente rakende die beeld van God is onsamehangend en maak nie erns met wat wel in die Heidelbergse Kategismus staan nie.

Ouderling Fourie moet maar self antwoord in latere gesprekke oor <u>sy aandeel</u> in die <u>uitrek van hierdie saak </u>wat al meer as tien jaar voortsleep. Hy skroom ook nie om sy invloed selfs skynbaar onregmatig te gebruik nie. Sy hoofargument teen die *ultra vires* aard van 54/69 kan aangedui word deur homself aan te haal: "Ek as 'n regsgeleerde stem nie saam dat die saak ultra vires is nie ... Ek wil nie graag dat ons stem ... " *Die voorsitter (dr DJC van Wyk jnr.) onderbreek hom en vra dan dat die advokaat meer tyd gegun word omdat dit gaan oor inligting wat deurgegee word. Die advokaat gaan dan aan:* " Ek wil net vir .. ek wil net

vir u vra dat as die vraag gestel word of dit korrek was of nie, ons daaroor sal kan besluit. Maar as ons moet besluit of dit *ultra vires* was of nie, kan ek vir **u sê dat dit gaan vir die kerk baie nadelig wees ook in die hofsaak wat oor ons kop hang** terwyl ons advokate sê hulle dink ons het 'n goeie saak."

Lyk dit nie na onregmatige manipulasie nie? Watter lojale ouderling sal in so 'n situasie stem dat die saak *ultra vires* is? Jy kan tog nie jou eie kerk se saak skade aandoen nie. Het die waarheid nie in daardie oomblik gesneuwel nie?

## KENNISGEWINGS

### VOLKSHULP 2000 BEURSFONDS

Volkshulp 2000 se beursfonds vir **hoërskool**-kinders: Aansoeke kan ingedien word op die voorgeskrewe vorm deur epos te stuur aan bestuur@volkshulp.org.za.
(Sluitingsdatum - 31 Mei 2022)
Indien u van enige gesinne in u gemeente weet wat weens finansiële druk nie in staat is om skoolfonds vir hoërskool-kinders te kan bybring nie kan u gerus hierdie besonderhede aan hulle deurgee.

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergawe boeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorie boeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

